**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèl Nr. : A68/2003

In die appèl tussen:

| | |
|---|---|
| **<u>GOITSEONE JAMES MOLEMA</u>** | Appellant |
| en | |
| **<u>DIE STAAT</u>** | Respondent |

---

**<u>CORAM:</u>** VAN ZYL, R *et* MOLOI, R

---

**<u>UITSPRAAK:</u>** VAN ZYL, R

---

**<u>GELEWER OP:</u>** 18 MAART 2010

---

[1] Appellant het as beskuldigde een van twee beskuldigdes in die Streekhof, Bloemfontein, tereggestaan op nege aanklagte, synde:

1. die onwettige besit van 2xR4 masjiengewere;
2. die onwettige besit van ammunisie;
3. poging tot huisbraak met die opset om te steel en diefstal;
4. poging tot moord op Tertius Neethling deur hom te skiet;
5. poging tot moord op Antonie Venter deur hom te

skiet;

6. poging tot moord op Markus Walle deur hom te skiet;

7. poging tot moord op Wilhelmus Swanepoel deur hom te skiet;

8. poging tot moord op Dawid Raath deur hom te skiet; en

9. poging tot moord op Wessels Fouché deur hom te skiet.

[2] Appellant en beskuldigde 2 het beide regsverteenwoordiging in die hof *a qou* geniet en onskuldig gepleit op al die aanklagte. Appellant het verkies om geen pleitverduideliking te maak nie, terwyl beskuldigde 2 se pleitverduideliking tot dien effekte was dat hy die betrokke dag slegs `n saamry geleentheid met die tersaaklike voertuig gekry het, waartydens `n skietery plaasgevind het waarvan hy geen kennis dra waaroor dit gehandel het nie.

[3] Op 26 Mei 2003 het die hof *a quo* as volg bevind ten opsigte van hul skuld:

1. aanklag 1 – beide skuldig;

2. aanklagte 2 en 3 – beide onskuldig en ontslaan;

3. aanklagte 4 en 5 – appellant onskuldig en ontslaan en beskuldigde 2 op beide aanklagte skuldig aan die bevoegde uitspraak van rig van `n vuurwapen; en

4. aanklagte 6, 7, 8 en 9 – beide skuldig.

[4] Appellant is daarop tot veertien jaar effektiewe gevangenisstraf gevonnis, welke as volg saamgestel is:

1. aanklag 1 – tien jaar gevangenisstraf; en

2. aanklagte 6, 7, 8 en 9 – drie jaar gevangenisstraf op elke aanklag, waarvan twee jaar daarvan op elke aanklag samelopend uitgedien moet word met die vonnis opgelê op aanklag 1.

Volledigheidshalwe word vermeld dat beskuldigde 2 gevonnis is tot agtien jaar effektiewe gevangenisstraf, welke as volg saamgestel is:

1. aanklag 1 – tien jaar gevangenisstraf;

2. aanklagte 2 en 3 – drie jaar gevangenisstraf op beide aanklagte, welke gevangenisstraf in totaliteit samelopend uitgedien moet word met die gevangenisstraf opgelê op aanklag 1; en

2. aanklagte 6, 7, 8 en 9 – ses jaar gevangenisstraf op elke aanklag, waarvan vier jaar daarvan op elke aanklag samelopend uitgedien moet word met die vonnis opgelê op aanklag 1.

[5] Slegs appellant kom nou in hoër beroep teen al sy skuldigbevindings sowel as die opgelegde vonnisse.

6] Die breë trekke en algemene verloop van die tersaaklike gebeure waaruit die aanklagte voortspruit, is, met enkele uitsonderings (waarmee ek later hierin mee sal handel), nie in dispuut nie. Namens die Staat het vyf polisiebeamptes getuig, synde sers. **Neethling** , insp. **Venter**, insp. **Fouché**, insp. **Swanepoel**, insp. **Walle** en insp. Raath. Verder het mnr. **Feng**, wie ten tyde van die voorval op 'n plaas te Bloemfontein woonagtig was, ook getuig. Uit hulle getuienis het die volgende verhaal ontvou.

Op **5 Augustus 1999** om omstreeks 07h30 het **Neethling** en **Venter**, wie gestasioneer was te Bainsvlei Speurdiens, om omstreeks 07h30 inligting ontvang voortspruitend uit 'n telefoniese oproep vanaf mnr. **Feng** van 'n verdagte

voertuig wat verskeie kere vantevore by mnr. **Feng** se plaas was, welke voertuig op die hoek van die ou Kimberley pad en die Abrahamskraal pad opgemerk is. Hulle het daarheen vertrek, maar nie die voertuig daar opgemerk nie. Hulle het besluit om na mnr. **Feng** se plaas te ry. Oppad daarheen het ŉ witkleurige Toyota Cressida van voor af gekom. Hulle het die Cressida gestop en die insittendes beveel om uit die voertuig te klim, wat die insittendes gehuiwer het om te doen. Die bestuurder van die Cressida het daarop eerste uitgeklim, waarop die ander persone steeds nie uitgeklim het nie, ten spyte van herhaaldelike versoeke daartoe. Skielik het ŉ persoon agter uit die voertuig by die agterdeur uitgeklim en ŉ vuurwapen op **Neethling** en **Venter** gerig. Die polisiebeamptes het skuiling gesoek, waarop die Cressida teen ŉ geweldige spoed vanaf die toneel weggejaag het. Daarop het die polisiebeamptes gevind dat hulle voertuig se linkervenster gebreek was, hoewel hulle nie kon sê wat dit veroorsaak het nie, aangesien hulle nie enige skote gehoor het nie. Beide **Neethling** en **Venter** het getuig dat Appellant die bestuurder was van die Cressida, synde die persoon wat uitgeklim het, en dat daar vier insittendes in die voertuig was. (Hierinlater sal na hierdie

insident verwys word as “die eerste insindent” of “die eerste toneel”.)

Daarna het hulle teruggehardloop na hulle voertuig en hulp ontbied. Lede van die blitspatrollie en die honde-eenheid het daarop gereageer, synde **Fouché**, **Raath**, **Walle** en **Swanepoel**. **Fouché**, synde ŉ lid van die blitspatrollie, het die berig ontvang waarop hy en Raath uit die stad vertrek het op die ou Kimberley pad in die rigting van Dealesville. Ongeveer twee kilometer anderkant die Krugersdrifdam afrit het hulle die Toyota Cressida opgemerk. **Fouché** het onmiddellik die ander voertuie asook die radiobeheerkamer meegedeel dat hulle die voertuig opgespoor het. Hy het agter the Cressida gery, terwyl die Cressida soms baie vinnig gery het en soms weer veel stadiger gery het. Op ŉ stadium het die Cressida ŉ vragmotor verbygegaan en reg voor die vragmotor gery op ŉ wyse wat dit duidelik was dat die vragmotor as ŉ buffer gebruik is. Op ŉ stadium het die Cressida weer teen ŉ hoë snelheid vooruit beweeg. Een van die Cressida se deure het oopgegaan en het **Fouché** gesien dat daar ŉ swart voorwerp uit die voertuig uitgesteek was. **Fouché**-hulle was toe ŉ entjie agter die Cressida,

ongeveer tussen 150 en 200 meter. Op daardie stadium het daar ŉ polisievoertuig met blou ligte van voor af gekom wat sy hoofligte geflikker het. Die Cressida het op ŉ gruispad regs gedraai. Hulle was ongeveer 30 tot 40 meter agter die Cressida en het **Fouché** gesien dat dit ŉ vuurwapen was wat uit die voertuig uitgesteek het by die deur. Die voertuig het steeds voortgery teen ŉ hoë snelheid, waarna die voertuig weer afgedraai het by ŉ plaas. **Fouché**-hulle het toe hulle voertuig tot stilstand gebring en uitgeklim. Hulle het omgekyk en gesien dat twee polisie lede verbonde aan die honde-eenheid reg agter hulle gestop het. Dit was **Swanepoel** en **Walle**. Op daardie stadium het die Cressida omgedraai en reg op hulle afgery. Die twee agterdeure van die Cressida het oopgegaan en daar is vanuit hierdie deure op hulle gevuur. Die polisiebeamptes het teruggevuur. Die Cressida het amper tot by die polisiebeamptes gery, waarop dit toe agteruit beweeg het. Die persoon wat regs agter in die voertuig gesit het, het uitgeval. Dit was beskuldigde twee wat op daardie stadium gewond was. In die voertuig was nog twee persone, wie dood was. Dit was die bestuurder en die persoon wat links agter gesit het. (Hierinlater sal na hierdie gebeure verwys word as "die

tweede insident" of "die tweede toneel").

Nadat die toneel beveilig is, is daar voortgegaan om na die vierde persoon te soek. Ongeveer tien tot vyftien minute later is 'n persoon wat geklee was in 'n bruin broek en 'n groenkleurige T-hemp, soos 'n weermag T-hemp, by 'n soutpan aangetref, wie hulle meegedeel het dat hy 'n tradisionele geneesheer ("toordokter" aldus die getuienis) is en dat dit blote toeval is dat hy daar was. Dit was Appellant. Hulle het hom gearresteer en hom teruggeneem na die toneel waar hy aan kapt. Kruger en **Neethling** oorhandig is. In die voertuig is twee R4 masjiengewere aangetref.

Duidelikheidshalwe moet vermeld word dat **Swanepoel** en Walle, wie lede was van die honde-eenheid, getuig het dat hulle die dag van die voorval besig was met misdaadvoorkomingspatrollies in Bloemfontein in 'n gemerkte polisievoertuig, synde 'n geel Astra. Hulle het twee patrollie-springstofhonde op daardie stadium by hulle gehad. Om ongeveer 07h40 het hulle 'n berig ontvang dat daar 'n wit Cressida met Noordwes registrasienommer wat op lede van

Bainsvlei S.A.P.D. geskiet het, op die Kimberley pad in die rigting van Dealesville was. Hulle het gevolglik in daardie rigting gery, waarop **Raath** en **Fouché**-hulle intussen laat weet het dat ŉ voertuig met dieselfde beskrywing en registrasienommer voor hulle was. Hulle het toe vir **Fouché** en **Raath** ingehaal en kon ook die wit Cressida met Noordwes registrasienommer voor **Fouché** en **Raath** sien. Op daardie stadium was hulle reeds verby die Krugersdrifdam en gevolglik tussen die Krugersdrifdam en Dealesville. Hulle het dan ook getuig rondom die Cressida wat regs gedraai het op ŉ gruispad, waarop die stof so erg geraak het dat hulle nie meer die verdagte voertuig kon sien nie. Ongeveer ŉ kilometer verder het hulle opgemerk dat **Fouché** en **Raath** stilgehou het, waarop hulle agter **Raath**-hulle stilgehou het. Die verdere gebeure soos deur hulle beskryf stem in wese ooreen met die getuienis van **Fouché** en **Raath**.

Voorts moet vermeld word dat **Neethling** en **Venter** getuig het dat nadat die vuurwapen op hulle gerig was te Bainsvlei, soos reeds hierbo beskryf, het hulle ook eventueel die toneel bereik anderkant die Krugersdrifdam, waar hulle een

persoon aan die regterkant van die voertuig aangetref het wat uit die voertuig geval het, terwyl twee persone oorlede was in die voertuig, synde die een agter die stuurwiel en een wat links agter gelê het. Op 'n stadium het die ander polisiebeamptes ook met Appellant opgedaag wat hulle in die soutpan arresteer het.

Wat mnr. **Feng** se getuienis betref, was dit, in die algemeen gesien, relatief moeilik om te volg. In wese kom sy getuienis egter daarop neer dat hy die betrokke Cressida voertuig, met Noordwes registrasienommer, al by vorige geleenthede onder verdagte omstandighede by sy plaas aangetref het. Hy het by geleentheid met die bestuurder van die voertuig gepraat, maar kon hom nie met sekerheid identifiseer nie. Hy is egter oortuig dat dit dieselfde voertuig was as wat in die onderhawige voorval betrokke is, synde die voertuig wat hy ook opgemerk het die dag van die voorval toe hy sy kinders die oggend skool toe geneem het.

7] Wat Appellant se getuienis betref, het hy getuig dat die dag van die voorval hy saam met **Andile** met sy (Appellant se) voertuig na Soutpan gery. **Andile** is die oorledene wat

dood agter die stuur van die voertuig na die voorval aangetref is. Appellant het bevestig dat die wit Cressida voertuig met Noordwes registrasienommer wel sy eiendom is. Volgens Appellant sou hy by die soutpan wortels gaan uitgrawe, aangesien hy ŉ tradisionele geneesheer is. Op die stadium wat **Andile** hom by die soutpan afgelaai het, was dit 05h45 die dag van die voorval. Die reëling was dat **Andile** die motor sou leen ten einde vir ŉ leerlinglisensie te gaan, waarna **Andile** hom weer sou kom oplaai, aangesien Appellant by die werk moes rapporteer. Appellant en **Andile** het by dieselfde kamp van Tempe Weermag gewerk, maar by verskillende departemente. Terwyl hy besig was met die proses om die wortels op te grawe, het hy gemerk dat sy voertuig die werf binnegery het. Hy het ook gemerk dat daar ŉ polisievoertuig agter sy voertuig was. Hy het toe opgemerk dat die polisiebeamptes op die Cressida voertuig gevuur het en was hy bang dat hulle ook vir hom sou skiet, aangesien hy ŉ ooggetuie was. Dit is in besonder omdat hy ŉ intelligensiekursus destyds ondergaan het in Bophuthatswana dat hy sodanig gedink het. Hy het derhalwe besluit om terug te keer na die plek waar hy die wortels uitgegrawe het, aangesien niemand hom daar sou

kon sien nie. Hy was nog besig om wortels te grawe toe hy ŉ stem hoor. Hy het sy kop opgelig, waarna hy twee polisiebeamptes opgemerk het wat hom met vuurwapens gerig en hom geroep het. Hy het hulle meegedeel dat hy ŉ tradisionele geneesheer was, waarna die een polisiebeampte aangedui het dat hulle hom moes laat, maar die ander aangedui het dat hy saam met hulle moes stap. Hulle het toe vir hom gesê dat hy moes hardloop, maar hy het geweier, aangesien hy bang was dat hulle op hom sou skiet indien hy sou weghardloop. Hy is teruggeneem na die toneel waar die skietery plaasgevind het, waarop hy reguit na sy motorvoertuig gegaan het. Buite die voertuig was daar ŉ persoon wat op sy maag gelê het, terwyl hy ook vir die oorledene, **Andile**, wie die voertuig bestuur het, gesien het. Hy het toe aan die polisiebeamptes gevra hoekom hulle sy voertuig so stukkend geskiet het, waarop hulle hom nie geantwoord het nie. Hy is toe gearresteer.

8] Uit voormelde blyk dit dus duidelik dat dit hoofsaaklik die identiteit van Appellant is wat in geskil geplaas is. In die verband was dit mnr. Nkhahle, namens Appellant, se betoog dat as vertrekpunt dit geag moet word dat die

uitkenning van Appellant op die eerste toneel nie betroubaar is nie en dat die tersaaklike polisiebeamptes Appellant in retrospek op die toneel plaas. Aldus sy betoog word die onbetroubaarheid van hul identifisering bevestig deur die feit dat na afloop van die tweede insident, Appellant duidelik nie die bestuurder van die voertuig was nie. Hy het aan die hand gedoen dat dit blyk dat **Neethling** slegs vir Appellant as die bestuurder op die eerste toneel plaas omdat die voertuig geregistreer is in Appellant se naam. Volgens mnr. Nkhahle se betoog het **Venter** ook tydens kruisverhoor toegegee dat ’n fout gemaak kon word onder die heersende omstandighede ten tyde van die gebeure wat afgespeel het op die eerste toneel.

Addisioneel tot die betoog met betrekking tot die moontlike foutiewe identifisering van Appellant, het mnr. Nkhahle ook aan die hand gedoen dat selfs indien bevind sou word dat Appellant se identifikasie bo redelike twyfel bewys is, dit nie bo redelike twyfel bewys is dat Appellant in die onwettige besit van enige vuurwapens was nie. In die verband het hy betoog dat by gebrek aan direkte getuienis van ’n sameswering, dit in ag geneem moet word dat op die eerste

toneel Appellant buite die voertuig was terwyl die persoon wat in besit was van ʼn vuurwapen en die tersaaklike polisiebeamptes daarmee gerig het, binne die voertuig was. Verdermeer, na afloop van die tweede insident toe die twee tersaaklike vuurwapens in die voertuig gevind was, was Appellant ook nie meer in die voertuig nie.

Mnr. Nkhahle het in die verdere alternatief betoog dat selfs indien bevind sou word dat Appellant in die onwettige besit van die vuurwapens was op die eerste toneel, dit bevind behoort te word dat Appellant hom gedissosieer het van die optrede van die ander persone en dat daar sodoende nie meer enige gemeenskaplike opset aan die kant van Appellant bestaan het nie, welke dissosiasie blyk uit die feit dat daar van bestuurders verwissel is na die eerste insident en dat Appellant hom verwyder het vanaf die optrede deur die ander drie persone met betrekking tot die poging tot moord aanklagte, deurdat hy duidelik homself uit die voertuig verwyder het en weggehardloop het voordat dit plaasgevind het.

9] Mnr. Chalale, namens Respondent, het aan die hand

gedoen dat **Venter** en **Neethling** se identifisering van Appellant geag moet word korrek en betroubaar te wees, veral inaggenome dat hulle onmiddellik na arrestasie van Appellant op die tweede toneel, Appellant uitgeken het as die bestuurder van die voertuig op die eerste toneel.

Met betrekking tot die sameswering, het mnr. Chalale betoog dat die vooraf sameswering afgelei kan word uit die persone se besit van die vuurwapens. Verder het hy aan die hand gedoen dat inaggenome dat Appellant deel van die groep was wat vuurwapens besit het waarmee die polisie gerig is ten tyde van die eerste insident en daarna steeds as bestuurder weggejaag het vanaf daardie toneel, aanduidend is van sy gemeenskaplike opset met die ander persone en dus ook aanduidend is daarvan dat hy voorsien het dat die vuurwapens gebruik gaan word in enige konfrontasie wat mag volg. Dus, selfs al was hy nie in die voertuig gewees tydens die skietery nie, het hy hierdie moontlikheid voorsien en hom met die gevolg daarvan versoen.

10]Dit is geyk dat getuienis met betrekking tot identiteit

versigtig benader moet word en dat nie net die eerlikheid van sodanige getuie se getuienis oorweeg moet word nie, maar ook die betroubaarheid daarvan. In die welbekende saak van **S v MTHETWA1972(3) SA 766 (A) op 768 A tot C** is as volg beslis:

> "Because of the fallibility of human observation, evidence of identification is approached by the Courts with some caution. It is not enough for the identifying witness to be honest; the reliability of his observation must also be tested. This depends on various factors, such as lighting, visibility, and eyesight; the proximity of the witness; his opportunity for observation, both as to time and situation; the extent of his prior knowledge of the accused; the mobility of the scene; corroboration; suggestibility; the accused's face, voice, built, gate, and dress; the result of identification parades, if any; and, of course, the evidence by or on behalf of the accused. The list is not exhaustive. These factors, or such of them as are applicable in a particular case, are not individually decisive, but must be weighed one against the other, in the light of the totality of the evidence, and the probabilities."

Sien ook **S v SITHOLE AND OTHERS 1999(1) SASV 585 (W) op 591 E tot F**

11]Dit is geyk dat 'n Hof van Appèl slegs onder beperkte omstandighede met 'n Hof *a quo* se geloofwaardigheids-bevindings sal inmeng. Met betrekking tot die identifisering van Appellant, het die Hof *a quo* **Neethling** en **Venter** se getuienis ontleed, wat insluit twee weersprekings wat daaruit blyk. Die Hof *a quo* het egter tot die gevolgtrekking gekom dat geen rede is om nie hulle getuienis te aanvaar nie. Sien Uitspraak, p. 257, reël 3 tot 19.

Aanvullend tot die getuienis van **Neethling** en **Venter**, het die Hof *a quo* verwys na die getuienis van **Fouché**, **Swanepoel** en **Walle**, wie al drie bevestig het dat hulle ten tyde van die jaagtog en agtervolging van die Cressida voertuig gesien het dat daar vier insittendes in die voertuig was. 'n Inspeksie *in loco* was ook deur die Hof *a quo* gehou waaruit dit geblyk het dat die vensters van die Cressida voertuig nie donker of getint was wat 'n sigbaarheid ten opsigte van die hoeveelheid persone daarin, sou belemmer nie. (Dit was appellant se weergawe dat die vensters wel aldus getint of donker was.)

12]By nalees van **Neethling** se getuienis, blyk dit dat die bestuurder van die Cressida voertuig ŉ geruime tyd buite die voertuig was waartydens hy deur **Neethling** waargeneem kon word, voordat die ander persoon wat die vuurwapen op **Neethling** en **Venter** gerig het, uit die voertuig geklim het. Op die stadium wat hulle die Cressida voertuig gestop het, het die voertuie ongeveer 15 tot 20 meter uitmekaar gestop. Nadat die persoon wat **Neethling** beweer Appellant was, uitgeklim het, het hy ŉ ent vanaf die voertuig beweeg, ongeveer 2 tot 3 meter. Tydens kruisverhoor het dit geblyk dat vandat die bestuurder uitgeklim het totdat die volgende persoon met die vuurwapen uitgeklim het, ongeveer ŉ minuut en ŉ half tot twee minute geduur het. Hoewel daar wel verwys word na "*ŉ paar sekondes*" soos deur mnr. Nkhahle in sy betoogshoofde uitgewys, blyk dit na my mening dat daardie paar sekondes verwys na die tydperk wat verloop het tussen die stadium wat Appellant uit die voertuig geklim het en die stadium wat **Neethling** vir die volgende persoon gesê het hy moet uitklim. As daardie getuienis (oorkonde, p. 13, reël 4 tot 7) saamgelees word met die getuienis dat dit ongeveer ŉ minuut en ŉ half tot twee minute geneem het

vir die tweede persoon om uit te klim (oorkonde, p. 11, reël 21 tot 25), meen ek dat dit blyk dat **Neethling** Appellant nie slegs vir ŉ paar sekondes waargeneem het nie, maar inderdaad vir ŉ langer tydperk. Hoe dit ookal sy, selfs al het hy hom net vir ŉ paar sekondes waargeneem, was **Neethling** adamant dat op die tweede toneel hy onmiddellik vir Appellant uitgeken het aan sy gesig en die feit dat hy ŉ kort, gesette persoon was.

13]Volgens **Venter** se getuienis het hy en **Neethling** ongeveer 20 meter vanaf die Cressida voertuig tot stilstand gekom. Nadat die bestuurder uitgeklim het, het hy nader na hulle toe gestap, ongeveer 4 tot 5 meter. Volgens hom kan hy Appellant volgens sy gesig uitken, aangesien dit ŉ hele tyd geneem het vir die ander persoon om ook uit die voertuig te klim, wat tot gevolg gehad het dat hy ŉ redelike tydperk gehad het om na Appellant te kyk. Hy het ook bevestig dat daar vier persone in die voertuig was.

Met betrekking tot die gedeelte in kruisverhoor waarna mnr. Nkhahle in sy betoog verwys het as synde dat **Venter** ŉ toegewing gemaak het dat ŉ fout gemaak kon word onder

die omstandighede waar 'n persoon met 'n vuurwapen gedreig word, meen ek dat wanneer daardie getuienis van hom in perspektief gelees word, dit duidelik is dat hy toegee dat dit menslik is dat 'n fout gemaak kon word onder daardie omstandighede met betrekking tot wat hy gesien het, maar dit blyk nie dat hy toegee dat hy inderdaad 'n fout begaan het nie.

14]Hierdie weergawes van die staatsgetuies moet uiteraard ook oorweeg word in samehang met die getuienis van Appellant. Soos reeds vermeld, was dit Appellant se weergawe dat hy 'n tradisionele geneesheer is wie op daardie stadium in die soutpan in die nabyheid van die toneel besig was om wortels en ander plante uit te grawe vir doeleindes van medikasie, nadat hy vroeër die oggend daar afgelaai is deur **Andile**, synde die oorledene wie na afloop van die tweede insident die bestuurder van die Cressida voertuig was. Wanneer die stellings wat namens Appellant aan van die getuies gemaak is vergelyk word met sy getuienis in hoof en dan ook wanneer sy getuienis in hoof weer vergelyk word met sy getuienis tydens kruisverhoor, blyk dit dat daar veelvuldige weersprekings en

onwaarskynlikhede in sy getuienis bestaan. Aangesien die Hof *a quo* volledig daarmee gehandel het, die inhoud waarvan na my mening heeltemal korrek en tereg gedoen is, is ek nie voornemens om die detail daarvan weer hierin te herhaal nie. Ek vereenselwig my egter met die Hof *a quo* se evaluering van Appellant se getuienis soos dit voorkom in die uitspraak op p. 260 reël 21 tot p. 264 reël 19. Na my mening het die Hof *a quo* tereg bevind dat Appellant nie 'n geloofwaardige getuie was nie.

15]'n Aspek wat wel ook nog oorweging moet geniet, is die feit dat Appellant volgens die getuienis van **Neethling** en **Venter** die bestuurder van die Cressida was, terwyl na afloop van die tweede insident Appellant slegs in die omgewing aangetref is en **Andile** die bestuurder van die voertuig was. Na my mening is die waarskynlike verduideliking hiervoor die feit dat dit duidelik blyk uit die getuienis van beide **Neethling** en **Venter** dat na die eerste insident, hulle sig verloor het van die Cressida voertuig waarop hulle na 'n tydperk in kennis gestel is per radio dat die lede van blitspatrollie, synde **Fouché** en **Raath**, die voertuig opgemerk het en besig is om dit te agtervolg.

**Venter** het in sy getuienis gedurende kruisverhoor pertinent getuig dat vanaf die tydperk wat hy en **Neethling** sig van die Cressida voertuig verloor het totdat hulle per radio in kennis gestel is dat die Cressida voertuig weer deur ander polisiebeamptes opgemerk en agtervolg word, ongeveer agt minute verloop het. Sien oorkonde, p. 27 reël 25 tot p. 28 reël 3. Hierdie feit, tesame met die feit dat die aanvaarde getuienis deur die Staat tot dien effekte is dat daar steeds vier persone in die voertuig was ten tyde van die jaagtog op die Bloemfontein/Dealesville pad en onmiddellik voorafgaande die plaasvind van die tweede insident, dui na my mening op waarskynlikhede daarop dat tussen die tydperk wat die Cressida voertuig buite sig van **Neethling** en **Venter** beweeg het en die tydperk wat dit weer deur die volgende polisiebeamptes opgemerk en agtervolg is, daar van bestuurder verwissel is en dat dit die rede is waarom Appellant nie meer die bestuurder was ten tyde van die plaasvind van die tweede insident nie.

16]Die laaste aspek wat dan nog oorweeg moet word met betrekking tot die identifisering van Appellant, is die vraagstuk dat indien aanvaar word dat Appellant nog in die

voertuig was ten tyde van die jaagtog op die Bloemfontein/ Dealesville pad en ten tyde van die indraai van die voertuig op die gruispad, hoe dit verklaarbaar is dat Appellant nie meer in die voertuig was onmiddellik na afloop van die tweede insident nie, maar inderdaad slegs in die omgewing van die tweede insident aangetref is.

17]Dit blyk uit die kruisverhoor van **Fouché** dat hy nie met sekerheid kon sê of die Cressida voertuig gestop het alvorens dit omgedraai het en teruggery het in die rigting van die polisiebeamptes, aldan nie. Toe daar aan hom gevra is of hy sou kon sien indien daar iemand uit die voertuig geklim het, het hy geantwoord deur te sê dat hy op daardie stadium, na die voertuig omgedraai het, besig was om terug te vuur op die persone wat op hulle as polisiebeamptes geskiet het en terselfdertyd het hy nog dekking gesoek agter sy eie voertuig. Hy het ook getuig dat indien die voertuig dwars voor hulle gedraai het en 'n persoon daar uitgespring het of uitgerol het, die moontlikheid bestaan dat hy dit nie sou sien nie. Hy het egter wel getuig dat sedert die skote begin afgevuur is, totdat die voertuig tot stilstand gekom het, niemand uit die

voertuig geklim het nie.

Volgens **Swanepoel** se getuienis was hy en **Walle** nog nie op die toneel die oomblik wat die voertuig gedraai het nie. Hy het egter getuig dat dit moontlik is dat toe die voertuig gedraai het, iemand uitgespring het. As iemand uitgespring het nadat die voertuig reeds gedraai het, sou hy dit egter gesien het.

Uit **Walle** se getuienis blyk dit dat hy van oordeel is dat op die stadium wat die voertuig omgedraai het, 'n persoon vermoedelik uit die voertuig kon spring.

**Raath** het getuig dat hoewel hy niemand uit die voertuig gesien spring het nie, hy van mening is dat aangesien die voertuig sy draai gemaak het met sy linkerkant weg vanaf die polisiebeamptes, dit moontlik is dat iemand op daardie stadium kon uitspring sonder dat hulle as polisiebeamptes so 'n persoon sou raaksien.

18]`n Aspek wat na my mening ook tot `n mate stawend is van die feit dat `n vierde persoon waarskynlik in die voertuig

was tot onmiddellik voor die plaasvind van die tweede insident, is die feit dat na afloop van die tweede insident daar twee persone op die agtersitplek van die voertuig was, maar niemand op die passasiers sitplek nie. Indien iemand onder "normale" omstandighede die voertuig sou verlaat, sou mens verwag dat die twee passasiers wat oorbly, een voor en een agter sou sit.

19]Uit die totaliteit van die getuienis, wat insluit die identifisering van Appellant as die bestuurder van die voertuig tydens die eerste insident, die feit dat die voertuig vir ongeveer agt minute nie deur enige polisiebeamptes dopgehou is nie, die feit dat dit blyk dat 'n persoon wel ten tyde van die afspeel van die gebeure tydens die tweede insident uit die voertuig sou kon spring sonder dat dit waargeneem sou word, die feit dat niemand op die passasiers sitplek gesit het nie en die feit dat Appellant se getuienis deurspek was met weersprekings en onwaarskynlikhede, is ek van mening dat Appellant se getuienis dat hy bloot toevallig op die toneel van die tweede insident was deurdat hy daar wortels en ander plante bymekaar gemaak het, nie redelik moontlik waar kan wees

nie en inderdaad vanweë die onwaarskynlikheid van sy weergawe, as vals verwerp moet word.

20]Gevolglik het die Hof *a quo* na my mening nie enigsins fouteer met betrekking tot hierdie bevinding nie.

21]Wat betref die vraag of die Staat hom van sy bewyslas gekwyt het met betrekking tot Appellant se besit van die vuurwapens, het die Hof *a quo* weereens volledig met hierdie aspek gehandel met betrekking tot die gemeenskaplike opset wat tussen die vier persone bestaan het in sy uitspraak op p. 267 reël 19 tot p. 270 reël 23. Ek vereenselwig my met die redenasie daarin gevolg en die gevolgtrekking waartoe die Hof *a quo* geraak het. Dit blyk uit die getuienis wat aanvaar is dat Appellant beslis bewus was van die vuurwapens in die voertuig en dat dit verdermeer die enigste redelike afleiding is dat dit die bedoeling van die lede van die groep was, ingesluit Appellant, om die vuurwapens te gebruik in die uitvoering van die misdadige opset wat hulle gehad het. Sien **S v KHAMBULE 2001(1) SASV 501 (SCA) op 503F tot G.**

22]Gevolglik meen ek dat die Hof *a quo* Appellant tereg skuldig bevind het op aanklag 1.

23]Wat verder oorweging moet geniet en wat deur mnr. Nkhahle betoog is, is die vraag of Appellant skuldig bevind moes gewees het op die aanklagte van poging tot moord gegewe dat Appellant nie op daardie stadium meer in die voertuig teenwoordig was nie. In die verband was dit mnr. Nkhahle se betoog dat Appellant hom self dissosieer het met die optrede van die ander drie persone. Hierdie dissosiasie, aldus die betoog, blyk ook uit die feit dat indien aanvaar word dat Appellant aanvanklik die bestuurder was, hy nie meer op daardie stadium die bestuurder was nie en ook die feit dat hy homself uit die voertuig verwyder het en weggehardloop het.

24]Mnr. Chalale het ten tyde van sy betoog verwys na die uitspraak in **<u>S v MUSINGADI AND OTHERS</u> 2005(1) SASV 395 (SCA)**. Die tersaaklike feite daarvan word as volg in die kopskrif op 395 J tot 396 A opgesom:

> "The four appellants were convicted of murder and robbery

> with aggravating circumstances. They were found guilty of killing the deceased by assaulting and strangling her to death and attempting to poison her, whereafter they took cash from the safe from her parents' house. The third and fourth appellants purported to dissociate themselves from the murder as they averred that they, after tying up and blindfolding the deceased, refused to partake in poisoning her. They then left the scene while the first and second appellants attempted to poison the deceased."

Die volgende tersaaklike dictum verskyn dan op 407 C en verder:

> "What had become clear to them, however, was that the robbery was developing into a murder which would be facilitated by their own prior conduct. It appears to me that by departing the scene, and leaving the helpless deceased to her probable (and actual) fate, the appellants must be taken to have acquiesced in the expansion of the common purpose unless they took steps effectively to disassociate themselves from that development. That our law recognises a defence of disassociation is clear....In the case of a conspiracy or common purpose, Gubbay CJ ventured the following dictum in S v Beahan 1992(1) SACR 307 (ZS) at 324 B to C:

> "I respectfully associate myself with what I perceive to be a shared approach, namely, that it is the actual role of the conspirator which should determine the kind of withdrawal necessary to effectively terminate his liability for the commission of the substantive crime. I would venture to state the rule this way: where a person has merely conspired with others to commit a crime but has not commenced an overt act towards the successful completion of that crime, a withdrawal is effective upon timely and unequivocal notification to the conspirators of the decision to abandon the common unlawful purpose. Where, however, there has been participation in a more substantial manner something further than a communication to the co-conspirators of the intention to dissociate is necessary. A reasonable effort to nullify or frustrate the effect of his contribution is required."

25]Daar is dan tot die volgende gevolgtrekking gekom op 409 G tot H:

> "The aforegoing authorities indicate, in my view, that on a practical level the courts of several countries, including South Africa, proceed from this premise: That the greater the accused's participation, and the further the commission of the crime have progressed, then much more will be required of an accused to constitute an effective disassociation. He may

> even be required to take steps to prevent the commission of the crime or its completion. It is in this sense a matter of degree and in a borderline case calls for a sensible and just value judgment."

26]In die onderhawige geval het ek reeds bevind dat Appellant in die voertuig was ten tyde van die plaasvind van die eerste insident en dat Appellant bewus was van die vuurwapens in die voertuig en gemeenskaplike opset ten opsigte van die besit daarvan gehad het. Ten tyde van die plaasvind van die eerste voorval, is dit na my mening duidelik dat Appellant se deelname geag moet word aktief te gewees het, deurdat hy sy voertuig beskikbaar gestel het en hy self ook as bestuurder opgetree het welwetende dat daar vuurwapens in die voertuig is. Selfs nadat hierdie eerste insident plaasgevind het en welwetende dat die vuurwapens in enige moontlike konfrontasie gebruik sou word wat die dood van iemand tot gevolg kon hê, het Appellant nie homself en/of sy voertuig vanuit hierdie optrede verwyder nie. Hoewel hy klaarblyklik nie meer as bestuurder opgetree het daarna nie, was hy steeds in die voertuig en is sy voertuig steeds gebruik. Hierdeur het hy

hom na my mening derhalwe steeds versoen met die feit dat die vuurwapens in enige verdere moontlike konfrontasie gebruik sou word wat die dood van iemand tot gevolg kon hê,. Die feit dat hy onmiddellik voordat daar op die polisie gevuur is ten tyde van die tweede voorval homself uit die voertuig verwyder het, veral gegewe sy graad van deelname aan die gemeenskaplike misdadige bedoeling van die vier persone tot op daardie stadium, kan na my mening geensins geag word aanduidend te wees daarvan dat Appellant hom dissosieer het van die daaropvolgende vuur van skote op die polisiebeamptes nie. Dit blyk veel eerder 'n geval te wees dat Appellant op daardie stadium besef het dat hy die risiko loop om in die opvolgende geweervuur verwond te word en/of gearresteer te word en derhalwe gepoog het om dít te ontkom deur weg te hardloop.

27]Gevolglik meen ek dat daar ook geen basis is waarmee met die Hof *a quo* se skuldigbevindings van Appellant op die aanklagte van poging tot moord ingemeng kan word nie.

28]'n Aspek wat nie spesifiek deur enige van die partye

geopper is nie, maar *mero motu* deur die Hof geopper is ten tyde van die aanhoor van die appèl, is die vraag of die feit dat daar vier aanklagte van poging tot moord is nie neerkom op ŉ duplisering van aanklagte en derhalwe skuldigbevindings nie. Die vraag is of hier nie slegs sprake is van ŉ enkele opset, hoewel daar meerdere slagoffers was nie. Dit is geyk dat daar in wese twee praktiese toetse is wat toegepas word ten einde vas te stel of daar ŉ duplisering van aanklagte is. Sien **S v BENJAMIN EN `N ANDER 1980(1) SA 950 (A) op 956 E tot H.**

Dit is die sogenaamde "*single intent test*" wat in die onderhawige geval ter sprake kan wees, synde indien daar twee handelinge is, elk waarvan ŉ aparte misdryf daar kan stel, maar met een opset, en beide hierdie handelinge is nodig ten einde hierdie enkele opset te laat realiseer, is daar slegs een oortreding. Mnr. Nkhahle het ook verwys na die uitspraak in **MANELI v S [2008] 3 ALL SA 155 (SCA)** waar hierdie toetse ook toegepas is, in besonder op 158 C tot E daarvan.

29]In die onderhawige geval is ek van oordeel dat die "*intent*"

of opset wat hier ter sprake is en wat dus die basis van die oorweging vorm, die opset was om te poog om ieder en elke polisiebeampte wat teenwoordig was, dood te skiet. Dit was dus in wese een handeling wat meerdere gevolge gehad het, maar elk van daardie gevolge het na my mening gepaardgegaan met 'n addisionele of aparte opset om te poog om dood te skiet. Daar kan dus na my mening nie sprake wees van slegs 'n enkele opset nie en gevolglik ook nie van 'n duplisering van aanklagte nie.

30]Wat die opgelegde vonnisse betref, blyk dit uit Appellant se aansoek om verlof om te appelleer dat Appellant se appèl met betrekking tot vonnis hoofsaaklik daarop gebaseer is dat Appellant 'n eerste oortreder is, dat hy vyf jaar verhoorafwagtend was en ook dat die Hof *a quo* die erns van die misdryf en die belange van die gemeenskap oorbeklemtoon het.

31]By nalees van die uitspraak ten opsigte van die vonnis, meen ek egter dat die Hof *a quo* op ewewigtige wyse al die elemente van strafoplegging behoorlik oorweeg het. In besonder wat betref die feit dat Appellant vyf jaar

verhoorafwagtend was, is dit spesifiek deur die Verhoorhof in ag geneem, deurdat die Verhoorhof bevind het dat ten opsigte van aanklag 1 waarvoor ŉ voorgeskrewe minimum vonnis van vyftien jaar toepaslik is, die tydperk wat Appellant verhoorafwagtend was geag moet word wesenlike en dwingende omstandighede te wees wat die oplegging van ŉ mindere vonnis dan die voorgeskrewe minimum regverdig. Hierdie benadering van die Hof *a quo* was na my mening heeltemal korrek.

[32] Wat betref die vonnisse opgelê op die aanklagte van moord, is dit insgelyks opgelê na ŉ behoorlike inagneming van alle relevante feite en omstandighede en in besonder het die Verhoorhof tereg die kumulatiewe effek daarvan getemper deur te gelas dat dit gedeeltelik samelopend met die gevangenisstraf opgelê op aanklag 1, uitgedien moet word.

33]Gevolglik is daar na my mening geen basis waarop met die opgelegde vonnisse ingemeng kan word nie. Dit is ook deur mnr. Nkhahle reeds in sy betoogshoofde toegegee, welke

toegewing na my mening op korrekte en verantwoordelike wyse gemaak is.

[34] Gevolglik word die appél teen beide die skuldigbevindings en die opgelegde vonnisse van die hand gewys.

**C. VAN ZYL, R**

Ek stem saam.

**K. J. MOLOI, WNR**

Namens die appellant: Adv. J. Nkhahle
In opdrag van:
Regssentrum
BLOEMFONTEIN

Namens die respondent: Adv. S. Chalale
In opdrag van:
Direkteur van Openbare Vervolgings
BLOEMFONTEIN